# Doeltreffende rumenbestuur vir die afronding van lammers

*Deur Sjoerd ten Cate (Pr.Sci.Nat), Feedtek*

Die afronding van lammers in 'n voerkraal is meer kompleks as wat algemeen aanvaar word. Die grootste voedingsverwante probleem met skape is dat hulle geneig is tot suurpens (asidose) indien aanpassing, voeding en bestuur nie met die nodige omsigtigheid hanteer word nie. 'n Skaapvoerkraal vereis dus baie kundigheid, 'n hoë bestuurspeil en goeie voedingspraktyke.

Bestuur val buite die spektrum van hierdie artikel, maar maak gebruik van kenners om aspekte soos die voorbereiding van lammers vir die voerkraal, doseerprogramme en die voerkraaluitleg in plek te kry.

## Gevaar van suurpens

Suurpens kan een van die grootste moontlike probleme wees. Dit is belangrik om dié feit met alle voedingsverwante besluite in gedagte te hou. Wanneer styselryke rantsoene aan herkouers gevoer word, versamel melksuur dikwels in die rumen. Die rumeninhoud se pH daal aansienlik onder dié omstandighede. Dit lei tot groot veranderinge in die rumenmikrobepopulasie se samestelling. Die dier kan ook ernstig siek word en selfs vrek.

Suurpens veroorsaak ook die afsterf van baie rumenbakterieë wat sellulose verteer. Gevolglik neem die dier se vermoë om vesel te verteer drasties af. Al hierdie faktore het tot gevolg dat voerinname daal en groei uiters nadelig beïnvloed word. Een van die fisiese tekens van suurpens is los misuitskeiding, stywe bewegings en seer kloue. Skape se oë is ingesak en die slymvliese in die bek is baie droog.

Van alle herkouers is kleinvee die meeste geneig tot asidose weens hul meer selektiewe vreetgewoontes. Aangesien die oorgrote meerderheid stysel vanaf graan in die rumen verteer word, is rantsoene wat 'n baie hoë graaninhoud bevat nie ideaal vir skape nie. Die rantsoen se totale styselinhoud moet verkieslik verlaag word deur die insluiting, of beskikbaarstelling, van lusernhooi of ander smaaklike ruvoere.

## Aanpassing op voerkraalvoere

Die aanpassing van lammers op volledige voerkraalrantsoene is uiters belangrik. Dit moet 'n stelselmatige proses wees, aangesien die spesifieke rumenmikrobepopulasie wat stysel verteer, bykans afwesig is in die rumen van 'n lam wat van weiding afkomstig is. Hierdie mikrobes se getalle verhoog geleidelik. Wanneer die oorskakeling na energieryke rantsoene te vinnig plaasvind, kom suurpens voor.

Die praktyk van kruipvoeding is die beste voorbereiding vir voerkraalvoeding, aangesien lammers dan klaar aangepas is op 'n styselryke rantsoen. Lekaanvulling voordat lammers na die voerkraal oorgeplaas word, is ook uiters voordelig vir aanpassing. Met die inname van styselbevattende produkte in die lek, begin die korrekte rumenmikrobepopulasie alreeds vestig.

## Voersamestelling en buffers

Vir verdere gemoedsrus wat suurpens aanbetref, is dit raadsaam om altyd 'n buffer in lammers se voerkraalrantsoene in te sluit. Feedtek Buffer Pak (Reg. nr. V27811) is ideaal vir dié doel en bevat Acid Buf (Reg. nr. V16463), 'n langwerkende rumenbuffer.

Die korrekte samestelling van lammers se voerkraalrantsoene is uiters belangrik vir suksesvolle lamafronding. Feedtek Mutton Gainer 125 (Reg. nr. V16141) is ontwikkel om die lewe vir die tuismeng-boer so maklik as moontlik te maak. Dit is 'n makrovoormengsel wat alle vitamiene, minerale en bymiddels bevat – sonder enige onnodige draers wat voerkoste verhoog.

Mutton Gainer 125 se samestelling is gebaseer op die nuutste toepaslike tegnologie en wetenskap. Baie van die komplekse mikrovoedingsaspekte word dus met 'n hoogs gekonsentreerde makrovoormengsel aangespreek. Dit laat die maksimum gebruik van selfgeproduseerde en plaaslik beskikbare roumateriale toe. VP



*Die korrekte samestelling van voerkraalrantsoene sal probleme soos suurpens by skape voorkom.*

Raadpleeg jou Feedtek-verteenwoordiger vir hulp met die samestelling van gebalanseerde voere wat makrovoedingsaspekte soos energie, proteïen en vesel aanspreek.

Vir meer inligting, stuur 'n epos aan Sjoerd ten Cate by sjoerd@feedtek.co.za.